

**“Maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, waar geen mot of roes verniel nie en waar die we nie inbreek en steel nie; want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees” (Mat. 6:20-21)**

## DIE UITDAGING - Dra die Woord uit deur die Nuutste Tegnologie

Liewe Kérugma Gebedsondersteuner,  
Daar is baie stories van skattejagters. Mense wat 'n kaart in die hande gekry het met allerlei geheime kodes daarop. Elke maontlike leidraad word opgevolg om die skat wat iemand lank gelede lewers begrawe het, op te spoor. Terwyl die skattejagter na die skat soek, is sy hart by daardie skat. Alles in sy lewe is daarop gerig om die skat te ontdek.

Is jy ook so 'n skattejagter? Volgens die Here Jesus is ons voortdurend deur besig om ons “skat” te soek. Sy advies aan ons is duidelik: “Maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, waar geen mot of roes verniel nie en waar die we nie inbreek en steel nie; want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees” (Mat. 6:20-21).

Kom ons dink 'n oomblik oor hierdie saak. Die Here Jesus sê: “Waar jou skat is, daar is jou hart”. Ons moet onself dus afvra: Waar is my hart? Dit wat my “skat” in hierdie lewe is, bepaal my gedagtes, my gevoelens en het 'n invloed op my doen en late. Waaraan dink ek meeste van die tyd? Waaroor praat ek?

Die oomblik toe die dissipels vervul is met die Heilige Gees, het hulle gepraat oor die groot dade van God. Dit waarvan die hart vol is, loop die mond van oor. Waarmee is u hart gevul? Wat borrel spontaan uit u binneste uit? Dit waarvan 'n mens se hart vol is, dit bepaal waaraan jy dink, wat jy doen en dit vorm die woorde van jou lippe.

Waar jou skat is, daar is jou hart. Om dus te bepaal waar jou skat is, is dit maar net nodig om te kyk na dit waarmee jou gedagtes gevul is. Gestel iemand sou jou gedagtes op 'n groot skerm voor 'n skare vertoon, wat sal die mense reken, leef in jou hart? Dink 'n bietjie daaroor en dan vra jy jouself: Waar is my skat? Is dit in die hemel? Of bestaan u skat uit allerande dinge hier op die aarde? Is u skat soos die van die verlore seun of soos die van

iemand wat al gered is?

Die Here Jesus se opdrag aan die wat Hom volg, is duidelik: “Moenie vir julle skatte bymekaar maak op die aarde, waar mot en roes verniel en waar die we inbreek en steel nie, maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, waar geen mot of roes verniel en waar die we nie inbreek en steel nie”.

Die vraag is: Hoe maak ek 'n skat in die hemel bymekaar? Die Here Jesus praat nie hier oor iets wat 'n mens moet doen om die ewige lewe te beërwe nie. Hy praat hier met sy volgelinge, met mense wat reeds in Hom glo. Dit is die gedeelte waar Hy ons leer om ons nie te bekommer oor dit wat ons sal eet of drink of aantrek nie. Dit is juis sulke dinge wat so maklik daartoe lei dat ons aandag deur die dinge van die wêreld vasgevang word.

Die gevaar bestaan verder dat 'n mens se skat so hier op aarde kan wees, dat selfs wanneer jy dinge vir die Here doen, jy dit al die tyd so doen dat andere jou daarvoor sal eer. Die Here Jesus sê dat as jy dit so doen, jy reeds jou beloning, jou skat hier op aarde ontvang het. Daar is dan nie meer 'n skat wat Hy, wanneer jy voor Hom sal verskyn, vir jou sal kan gee nie (2 Kor. 5:10). Wanneer ons nou iets vir Hom doen sodat ons daarvoor geëer sal word, verloor ons ons hemelse beloning. Die Here Jesus sê: “Wanneer jy dan liefdadigheid bewys, moenie 'n trompet voor jou blaas soos die geveinsdes in die sinagoges en op die strate doen, dat hulle deur die mense geëer kan word nie. Voorwaar Ek sê vir julle, hulle het hulle loon weg” (Mat. 6:2).

In 1 Korintiërs 3:13 sê Paulus dat dit wat elke kind van God in hierdie lewe gedoen het, daardie dag deur vuur openbaar gemaak sal word, hoedanig dit is.

Diegene wie se werk deur daardie vuur

heen sal bly staan, sal hul skat ontvang.

Hierteenoor sal die kinders van die Here wie se werk deur die vuur verbrand word, skadeloos; alhoewel hulle self wel behoue daar sal uitkom, maar soos deur vuur heen (1 Kor. 3:14-15).

Alhoewel hulle daar sal wees, sal hulle vir altyd weet dat hulle die geleentehede waar die Here hulle op die aarde wou gebruik vir die uitbreiding van sy koninkryk, nie benut het nie. Hulle ingestelheid was op die tydelike sake, plesiere en begeerlikhede van hierdie wêreld gefokus (1 Joh. 2:15-17).

Dit is interessant hoe Paulus aan die Christene van Filippi skryf wanneer hulle weer per geleentheid daarby kom om vir hom en sy bediening 'n bydrae te stuur. Hy skryf dat hy hom verbly het in die Here dat hulle weer opgeleef het om aan sy belange te dink (Fil. 4:10). Hy sê dan in vers 17 'n baie interessante ding. Hy sê dat hy nie die geskenk wat hulle gestuur het, soek nie. Nee, hy soek **“die vrug wat oorfloedig word op hulle rekening”**.

Hulle het dit wat die Here op hulle harte gelê het, vir hom gestuur. Dit is vir hom om van te lewe, maar ook om sy bediening te kan volvoer. Hierdie gehoorsaamheid aan dit wat die Here op hulle harte gelê het om te doen, dit word as 'n *skat* in die hemel vir hulle weggelê. Dit is die vrug wat oorfloedig word op hulle rekening.

Daar is baie wat 'n kind van die Here kan doen waardeur jy vir jou skatte in die hemel kan bymekaar maak. Dit gaan oor jou verhouding met die Here en oor alles wat daaruit voortspruit. Dit is nie iets wat jy beplan of reken om te doen nie. Soos jy sy Woord elke dag in jou stiltetyd lees en dit oordink het dit 'n invloed op jou hele lewe. Dit bring spontaan sy eie vrug voort (Ps. 1:2-3). Dit is die lewe wat daarop instel is

*Angus Buchan sê in sy nuutste boek, GROOTWORD: “Jesus Christus moes aan die kruis op Golgota sterf sodat ek en jy die ewige lewe kan kry. Daar is niks goedkoop aan die evangelie nie. Dit is duur. Ons moet bereid wees om ekstra moeite vir die Here te doen. As dit beteken om in vreemde beddens te slaap, as dit vra dat ons baie en ver moet reis, moet ons dit doen. As dit beteken ons moet langer ure werk, moet ons werk. As dit opofferings vra ter wille van die wat verlore is, moet ons die opofferings maak. Maar dit moet vrywillig, gewillig en vreugdevol gedoen word.”*

*Angus Buchan, Grootword, Maranatha Christian Publishers, 2010, p. 252*



net te veel voorbeelde van waar mense 'n sekere bedrag moet gee in ruil vir die een of ander item. Ons glo dat Christene gee ongeag of hulle iets in ruil daarvoor sal ontvang. Onlangs het ons egter 'n nuwe reëling met die lede van die Kerugma DVD klub getref. Dit is toe dat ons besef het dat ons die reëling verder ook aan u almal wat op ons adreslys is, kan deurgee.

Dit situasie het ontstaan dat die meeste lede van die DVD klub reeds al ons DVDs het. Om voortaan elke maand 'n nuwe DVD aan hulle te stuur, het onmoontlik geword. Daarom het ons aan hulle die keuse gegee om of hul lidmaatskap van die klub te staak of om voort te gaan om hul gereelde donasie te gee as iets wat hulle gee ter ondersteuning van die bediening. Vir diegene wat voortgaan om hul maandelikse donasie te gee, stuur ons dan elke keer wanneer ons 'n nuwe DVD vrystel, 'n kopie daarvan.

Ons wil graag hierdie reëling oopstel vir elkeen van u wat ook deur die Here gelei word om hierdie bediening op 'n gereelde maandelikse grondslag te ondersteun. Dit neem normaalweg langer as 'n maand om 'n DVD te redigeer. Dit hang natuurlik van projek tot projek af hoe lank dit duur. Daarom is dit nie moontlik om vooraf te bepaal wanneer die volgende DVD gereed sal wees nie.

Vir diegene van u wat maar onlangs kennis gemaak het met hierdie bediening, wil ons graag noem dat Kerugma 'n geloofsonderneming is. Ons is sedert 1995 aan die gang en sedert 1998 is ek en my vrou voltyds daarby betrokke. Ons vertrou die Here vir elke sent wat nodig is. Finansiële gesproke is dit 'n baie duur tipe bediening. Die kameratoerusting, die redigeer stasies, ens. is ongelooflik duur en moet onderhou en soos nodig, opgegradeer word. Ons poog om sover moontlik die evangelie van Jesus Christus, die Nuus wat mense moet ontvang, aan die mense te bied op dieselfde hoë standaard as waarop hulle hul gewone daaglikse nuus ontvang. Dit kos egter 'n prys om dit te kan doen, maar die getuienis wat daaruit voortspruit toon dat dit deur en deur die moeite werd is.

Deur die jare het die Here op wonderbaarlike wyses vir ons voorsien. Kinders van die Here wat van ons DVDs gesien het, het spontaan gehelp en gegee sodat andere dit ook kan kry.

Ons wil net vra of u nie daarvoor wil bid of die Here u nie wil gebruik

om hierdie bediening te ondersteun nie. Telkens wanneer ons 'n nuwe DVD vrystel, wens ons so dat ons dit aan almal van u kan stuur sodat u dit kan sien. Ons werk so lank en voortdurend daaraan dat, wanneer dit klaar is, ons nie kan wag dat u dit sal sien nie. Aangesien ons geen fondse tot ons beskikking het nie, is daar naas 'n e-pos brief geen manier waarop ons dit kan bekend stel nie. So geleidelik aan is daar diegene wat een bestel en dan vir andere daarvan vertel. Verder word dit bekend deur die klublede wat dit kry. As elkeen van u ook elke nuwe DVD kry, raak u ook spontaan deel van die span wat die DVDs bekend stel. U help die bediening dan nie net deur u bydrae nie, maar ook deur dat u vir andere vertel wat die DVD vir u beteken.

Ons is op die oomblik oorweldig deur die uitdaging om tred te hou met die verskillende nuwe geleenthede om die evangelie uit te dra. Daar is soveel verwickelinge op tegnologiese gebied wat die uitdra van die evangelie moontlik maak. Om al die moontlikhede effektief te benut, is egter 'n groot uitdaging. Daar word van ons vereis dat ons produkte beskikbaar moet wees op alle formate, van Blu-Ray skywe vir diegene wat reeds "Full HD" skerms het tot die kleinste formaat sodat dit op 'n iPod of selfs 'n selfoon afgelaai kan word. Op die wyse kan mense oral, ook waar die evangelie nie verkondig kan word nie, bereik word. Om by te bly met al die ontwikkelinge, verg baie navorsing, mannekrag en die nodige fondse. Ons kan dit alleen doen wanneer die kinders van die Here in gehoorsaamheid aan Hom daarvoor bydra. Ons neem hiermee die vrymoedigheid om u te vra om weer by die Here te hoor of u nie ook hierdie bediening finansiële moet ondersteun nie.

Hieronder is 'n vorm wat u kan invul en vir ons kan terugstuur. Ons wil u net die versekering gee dat elke sent wat vir hierdie bediening gegee word, daadwerklik aangewend word vir die uitdra van die Evangelie van Jesus Christus. Niemand kry enige finansiële voordeel daaruit nie. Dit wat u hier gee, word aangewend vir dit waarvoor dit bedoel is. Ons sou so graag vir u almal elke nuwe vrystelling wil stuur.

Ons wag dus om van u te hoor.


Groete in Sy Naam

Naas en Marina le Roux

## Nuwe DVD'S VRYGESTEL

### NO WAY OUT

Deur Dr. Randall Smith



Daar is 'n populêre opvatting wat sê dat God 'n God van liefde is wat nooit sal toelaat dat mense in die hel beland nie.

Vanuit Sagaria 11 wys Dr. Randall Smith daarop dat God definitief 'n God van liefde is. Uit die wyse waarop Hy met sy volk, Israel, gewerk het, kan ons sien dat hy mense altyd vooruit waarsku. Van die oomblik af dat Hy die waarskuwing gegee het, tot die oomblik wat Hy doen wat Hy gesê het, is genade tyd. Maar diegene wat die waarskuwing ignoreer moet die gevolge dra.


Hierdie boodskap is 'n moet vir elkeen wat nog in staat is om die waarskuwing van 'n liefdevolle God ernstig op te neem.

Tydspan: 53 minute

R100.00

### AFTER JESUS "Chaos on the Temple Mount"

deur David Cole



Met die kruisiging van die Here Jesus in 30 n.C. het die voorhangsel in die tempel geskeur. David Cole, 'n kenner van die Hebreeuse taal, onthul in hierdie besondere DVD dat daar verskillende ander vreemde gebeure hierop gevolg het. Die tempeldiens het nog tot 70 n.C., met die vernietiging van die tempel, aangehou, maar nie sonder betekenisvolle insidente nie.


Deur middel van navorsing in die Bybel, historiese werke en die Joodse Talmud, gee David bewyse vir die presiese datum waarop Jesus gekruisig is, die bonatuurlike gebeurtenisse wat met sy kruisiging plaasgevind het en die ongelooflike ontwikkelinge daarna wat chaos op die tempelberg veroorsaak het.

Tydspan: 80 minute

R120.00

## THE CHARACTERISTICS OF THE DISCIPLES

Deur Dr. Randall Smith



In hierdie DVD neem Dr. Randall Smith die kyker saam op toer na die skilderagtige noordwestelike oewer van die See van Galilea. Vanaf uitkykpunte op die heuwel waar die bergpredikasie na oorlewering plaasgevind het en die berg Arbel, kan die deel van die kus gesien word waar Jesus 70% van sy bediening in Galilea volvoer het.

Terwyl ons die panoramiese uitsig van hierdie berge af geniet, skets Randall die sosio-politieke agtergrond waarin die dissipels opgegroei het.


Vanuit die bergpredikasie verduidelik Randall verder wat die standaard was wat Jesus gestel het vir diegene wat Hom volg. Wat 'n verandering moes dit nie in daardie dissipels se lewens teweeg gebring het nie. Geen wonder dat die lewens van hierdie eerste dissipels die wêreld omgekeer het nie.

## INDIEN U WEL DIE BRIEF MET E-POS KAN ONTVANG, LAAT ONS ASB. WEET

### SIGNIFICANCE

*How do you measure a man?*

Deur Dr. Randall Smith



Die mens se strewe na erkenning is 'n algemene verskynsel. Ons almal wil graag erkenning kry vir wie ons is of vir wat ons gedoen het. In hierdie DVD verduidelik Dr. Randall Smith aan die hand van Genesis 10 dat die probleem nie is dat ons erkenning soek nie, maar dat ons dit op die verkeerde plekke soek.

Ons wil onself op die voorgrond stel, in plaas daarvan om God te verheerlik.

Alleenlik wanneer ons onself met die Here Jesus Christus identifiseer en sy tevredenheid met ons lewens ervaar, sal ons vreugde en vrede vind.

Tydskuur: 53 minute

R100.00

### Bestelvorm

Titel (Prof/Dr/Ds./Mnr/Me): \_\_\_\_\_ Voorletters en Van: \_\_\_\_\_

E-pos: \_\_\_\_\_ Faks: \_\_\_\_\_ Tel. \_\_\_\_\_

Adres: \_\_\_\_\_

Ek wil graag die volgende DVDs bestel.

1. ....
2. ....
3. ....
4. ....
5. ....

Totaal:..... + Posgeld..... + Donasie ..... Groottotaal:.....

\*Ek verkies om met Visa of Materkaart te bestel:

Kaartnommer																Vervaldatum				
-------------	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	-------------	--	--	--	--

Handtekening: \_\_\_\_\_ Datum: \_\_\_\_\_

\*Ek sal die geld deponeer en die bewys van betaling faks na 021 906 2637 / 086 679 4748

Posgeld: 1-3 items R30; 4--9 items R50, meer as 10 DVDs geen posgeld (slegs geldig binne die grense van Suid-Afrika)

Bank: Absa, Naam van Rekening: Kerugma Produksies, Nr. 3010154781, Tak: Kuilsrivier, Kode: 523-810